MARKTE AANSOEKVORM
31 MAART – 7 APRIL 2012
SLUITINGSDATUM: 11 NOV. 2011

Posadres	Fisiese adres	
Posbus 1341 Oudtshoorn 6620	Seppie Greeff Gebou Voortrekkerweg Oudtshoorn	Tel: 044 203 8600 Faks: 044 272 7773 E-pos: info@kknk.co.za www.absakknk.co.za

Let wel: Hierdie aansoekvorm is nie geldig vir enige kosprodukte nie. 'n Aparte aansoekvorm is hiervoor beskikbaar.

AANSOEKE

- Lees alle inligting sorgvuldig deur en onderteken die aansoekvorm op elke bladsy. Sonder 'n handtekening op elke bladsy, sal jou aansoek as onvolledig beskou word.
- Maak 'n afskrif van jou voltooide vorm vir jou eie gebruik.
- Dien jou aansoek betyds in voor of op die sluitingsdatum op **11 Nov. 2011**.
- 1 aansoek verteenwoordig 1 stal of aaneenlopende dubbelstal. 2 aansoeke moet dus ingedien word vir 2 aparte stalle.
- 'n Nie-terugbetaalbare adminfooi van **R200** (BTW ingesluit) is per aansoek betaalbaar. Geen aansoek sal verwerk word indien die adminfooi nie betaal is nie en die bewys van betaling nie aangeheg is nie.
- Aansoekvorms moet gepos of afgelewer word. Geen aansoeke per faks of e-pos sal verwerk word nie.
- 'n Maksimum van 2 stalle sal per eienaar toegeken word.

Heg aan by jou aansoek:

- Afskrif van jou identiteitsdokument of geldige verblyfpermit (indien nie 'n SA burger nie) tesame met werkspermit indien van toepassing.
- Bewys van adres, bv. munisipale rekening.
- Voldoende visuele materiaal, vir keuringsdoeleindes.
- Bewys van adminfooi (R200) betaal. Jammer, geen tjeks word aanvaar nie.
- Geldige SAMRO-lisensie (waar van toepassing).
- Juwelierspermit en bewys dat jou produkte handvervaardig of uniek is (waar van toepassing).

TERREINE

Die Absa KKNK bied 'n keuse van uitstalruimtes aan:

- binne 'n geslote terrein (Rivierbuurt, wat onder meer ook die Huisgenoot Musiekplaas Dagverhoog insluit) in tente of buite. Hierdie terrein staan bekend as die Absa Kunsmark. Feesgangers betaal 'n toegangsfooi tot hierdie terrein in die vorm 'n dagkaartjie of 'n feeskaartjie.
- buite die geslote terrein in oop stalletjies op die Pick 'n Pay parkeerterrein, in Queenslaan en in Baron van Reedestraat.

PRODUKTE

Jy moet jou hoof en sekondêre produkte duidelik aandui. Jou hoofproduk mag onder geen omstandighede verander word nie en jy mag ook nie produkte verkoop wat nie op jou aansoekvorm aangedui is nie. Om produkte by te voeg, moet jy skriftelik by die Absa KKNK aansoek doen om goedkeuring. Alle bewoording en ontwerpe op produkte moet aan die Absa KKNK Keurkomitee verklaar word. Hou in gedagte die Absa KKNK nie enige produkte met smaaklose, platvloerse, rassistiese, seksistiese of xenofobiese boodskappe sal duld nie. Die Absa KKNK behou die reg voor om produkte/bewoording wat nie goedgekeur is nie, aan verkope te onttrek en te konfiskeer tot na afloop van die fees. Alle produkte en die aanbieding daarvan moet van hoogstaande gehalte wees.

Handelsbeperking

Die Absa KKNK sluit handelsooreenkomste met spesifieke maatskappye vir die reg om spesifieke produkte binne die Feesdistrik te verskaf en/of te verkoop. Produkte wat hierdeur geraak word, sluit in: alkoholiese produkte, koeldrank, water, sap, roomys, energiedrankies, ys, brood, skoonmaakmiddels, gas, verpakkingsmateriaal, ens. Ons verwag van stalletjiehouers om van hierdie verskaffers gebruik te maak, omdat dit die druk op verkeer binne die Feesdistrik verlig en algemene logistiek vergemaklik. Hou ook ingedagte dat tensy jy uitdruklike toestemming ontvang om enige van hierdie produkte te verkoop, kan jy nie aanneem dat jy dit mag doen nie. Indien toestemming aan jou verleen word, sal die reëls en regulasies aan jou deurgegee word en sal daar van jou verwag word om dit noukeurig na te volg. Die Absa KKNK volg 'n deursigtige proses in die sluit van handelsooreenkomste met verskaffers en moontlike verskaffers is welkom om navrae te rig aan die Bedryfsbestuurder van die Absa KKNK by: rsnyman@kknk.co.za

KEURING

Hierdie aansoek is onderhewig aan goedkeuring. Keuring is nodig omdat meer aansoeke as beskikbare stalle ontvang word. 'n Onafhanklike keurraad oorweeg alle aansoeke aan die hand van vooraf-neergelegde norme. Die Keurkomitee se besluite mag verskil met dié van vorige jare. Die beslissings van die Keurkomitee is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

Norme vir keuring van aansoeke:

- Adminfooi betaal en aansoek volledig?
- Komplimenteer die produkte die beeld van die Absa KKNK?
- Word daar op 'n produk eerder as 'n stalhouer gefokus?
- Is produkte handgemaak of uniek en hoeveel oorvleueling is daar met ander aansoeke?
- Is jou produk 'n produk wat in massa geproduseer word en algemeen in winkels beskikbaar is?
- Is die produkte en infrastruktuur van goeie gehalte?
- Is daar 'n aanvraag na die produk?
- Aantal stalle benodig en grootte daarvan?
- Het die aansoeker 'n goeie betaal rekord by die Absa KKNK en ander feeste?
- Is die aansoeker 'n nuwe entrepreneur?
- Doen die aansoeker net met die Absa KKNK besigheid vir die duur van die fees?
- Toon die aansoeker, indien hy in vorige jare by die Absa KKNK uitgestal het, respek vir die algemene reëls, gedragskode en verantwoordelikhede?
- Is alle nodige dokumentasie aangeheg by die aansoek? (indien nie sal aansoek afgekeur word)

.....
Handtekening van aansoeker

Verwittiging
Die uitslag van keuring word vanaf 7 Des. 2011 bekendgemaak met elektroniese kommunikasie (e-pos, faks of SMS). Indien jy teen 15 Des. 2011 nog nie van die Absa KKNK gehoor het nie, moet jy asb. die Koördineerder: Markte skakel.

STALHUUR
Stalhuur is vir die duur van die fees vasgestel en pryse sluit BTW in. Hier onder word aangedui of beskikbare stalle binne of buite die geslote terrein (Rivierbuurt) geleë is. 'n Elektrisiteitspunt en een parkeerplek (ongereserveer) word ingesluit by die koste, soos aangedui hier onder.

Tipe Stal	Terrein	Binne Rivier-buurt?	Parkering ingesluit?	Elektriese kragpunt ingesluit?	Grootte	Prys
Tent A - Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,050
Tent A - Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,725
Tent B - Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,050
Tent B - Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,725
Tent C - Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,050
Tent C - Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,725
Tent D – D1 en D112 (buite)	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	5x3	R 6,375
Tent D – D2 en D38	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	5x3	R 6,750
Tent D – D7 en D33	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	6x3	R 8,100
Tent D – Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,050
Tent D – Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,725
Tent E – Gewoon E1, 12, 13, 24	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	5x3	R 6,750
Tent E – Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,050
Tent E – Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,725
Buite Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 3,825
Buite Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	R 4,050
Buite Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	4x5	R 8,000
Buite Gewoon P2 - P23	Pick 'n Pay	Nee	Nee	Nee	3x3	R 3,800
Buite Prima P24 - P26	Pick 'n Pay	Nee	Nee	Nee	4x5	R 8,500
Buite Prima Steers hoek P1	Pick 'n Pay	Nee	Nee	Nee	4x5	R 8,500
Buite Prima O1	Oosoewer	Nee	Nee	Nee	4x5	R 8,500
Buite Prima R1-R7	Baron van Reedestraat	Nee	Nee	Nee	3x5	R 10,500
Buite Gewoon Q1 - Q36	Queenslaan	Nee	Nee	Ja	3x3	R 4,050
Binne Gewoon	Karwas (Pick 'n Pay area)	Nee	Nee	Ja	Sien plan op webblad	Sien plan op webblad
Buite Gewoon (Y7-Y15)	De Jager Sportkompleks	Ja	Ja	Ja	3x3	R 3,500

Hierdie pryse is onderhewig aan verandering

Terreinkaarte en Plasing
Terreinkaarte is beskikbaar op www.absakknk.co.za. Die Absa KKNK sal poog om aan voorkeur plasing te voldoen, maar kan dit nie waarborg nie. Plasing is in die uitsluitlike diskresie van die Absa KKNK.

Verskuiwing van stalle
Geen verskuiwing van stalle word toegelaat nie. Stalle mag ook nie die hoek waarteen hulle geplaas word verander van dit wat op die terrein-kaart aangedui word nie.

.....
Handtekening van aansoeker

Dubbelstalle
Indien jy aansoek doen vir 'n aaneenlopende dubbelstal, hou in gedagte dat 'n bykomende fooi van R500 betaalbaar is.

Infrastruktuur van stalle
Jou stalruimte moet jou tentpenne en/of konstruksie (waentjie/woonwa-haak) asook jou naamborde insluit. Stalle in tente word van mekaar geskei deur 'n raamwerk van 32mm staalpype. Die konstruksie is ±2,4m hoog en het geen dwarspype of grondbedekking nie. Afskortings is jou eie verantwoordelikheid. Die raamwerk kan ongeveer 70kg dra.

Die Absa KKNK voorsien slegs uitstalruimte aan buitestalle en nie enige infrastruktuur nie. Eie skaduwee moet vir alle buitestalle en op alle oop ruimtes buite die tente voorsien word. Jou infrastruktuur moet netjies, skoon en in 'n goeie toestand wees. Waentjies moet deel van stalle wees of verwyder word, na 'n veilige parkeerarea. Geen waentjies mag in die oop ruimtes tussen tente gestoor word nie.

Grootte van stalle
Grootte van binne stalle wissel van 3x3m tot 6x3m en buite stalle wissel van 3x3m tot 4x5m. Die presiese grootte van stalle word in die meegaande tabel aangetoon. Indien 'n groter ruimte by buitestalle as wat aangedui, benodig word en dit moontlik is om jou te akkommodeer, sal jou ekstra spasie per m^2 bereken word. Indien jy nie aangedui het of jy ekstra spasie benodig nie en wel tydens die fees ekstra spasie gebruik, sal jy gevra word om daarvoor te betaal of om die ekstra spasie te ontruim. Terreinbestuurders sal hierdie reël streng toepas.

HANDELSURE
Stalle moet vir die volle feestydperk (31 Mrt. – 7 Apr) bedryf word. Handelsure van stalle in die Absa Kunsmark is van 09:00 tot 18:00 (ook op die laaste dag van die fees). Wees dus voorbereid om reeds om 09:00 gereed te wees vir verkope en om handel te dryf tot 18:00. Aflewering word daagliks tussen 08:00 en 09:00 toegelaat. Geen voertuie word binne die geslote mark toegelaat tussen 09:00 en 18:00 nie. Stalle word opgepak tussen 18:00 en 19:00, waarna die terrein sluit en 'n ontoeganklike sekuriteitsarea word. By alle ander markte word daagliks van 09:00 tot laat handel gedryf. In Queenslaan is die handelsure van 09:00 tot 23:00 waarna dit sluit en 'n ontoeganklike sekuriteitsarea word.

ALGEMENE REËLS, GEDRAGSKODE EN VERANTWOORDELIKHEDE
Die Absa KKNK behou die reg voor om 'n stalhouer te weerhou om 'n stal te beset, te verwyder of te laat verwyder, wanneer 'n stalhouer in stryd is of nie voldoen aan die regulasies, insluitend, waar 'n stalhouer:

- Hom skuldig maak aan wangedrag.
- Se gedrag steurend vir ander stalhouers of die publiek is. Steurende gedrag sluit die luide verbale advertering van produkte of die speel van harde musiek in. Stalle word meestal in klank sensitiewe areas geplaas en voorgeskrewe klankvlakke moet streng gehandhaaf word.
- Diere of troeteldiere by sy stal aanhou.
- Drank in sy stal het.
- Se eie infrastruktuur nie voldoen aan die standaarde gestel deur die Absa KKNK nie.
- Versuim om 'n brandblusser (waar van toepassing) in 'n diensbare toestand te verskaf.
- By sy stal of op die feesterrein oornag.
- Se uitstalruimte vuil en/of onnet is. Stalhouers moet hul afval in swart sakke plaas en na die tip bakke neem. Jou samewerking hiermee sal die druk op vullisverwydering verlig. Vullisdromme is vir die gebruik van die feesgangers.
- Sonder toestemming met produkte rondswerf (*roam*).
- Binne 'n tent die loopareas met produkte of uitstalmateriaal versper.
- Sy stalruimte onderverhuur. Stalle mag nie gedeel word tussen 2 of meer uitstallers, indien dit nie deur die Absa KKNK goedgekeur is nie.
- Nog gelde verskuldig is aan die Absa KKNK.
- Nie by die reëls van die opslaan van die stalle hou nie.
- Nie by die handelsure hou nie.
- Enige kriminele oortreding begaan.

Die Absa KKNK bring die volgende regulasies onder stalhouers se aandag. Stalhouers wat dit oortree, kan in die toekoms in keuring gepenaliseer word:

- Die afkyk van ander uitstallers se idees is in stryd met kreatiewe kopiereg en is nie in die goeie gees van die Absa KKNK nie.
- Die Absa KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir produkte wat nie verkoop nie en gee geen waarborg daarvoor nie.
- Die Absa KKNK waarborg nie die eksklusiwiteit van produkte, anders as wat hierbo onder **Handelsbeperking** genoem word, nie.
- Die Absa KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir die handhawing van konsessieregte tussen uitstallers nie.
- Die Absa KKNK gee geen waarborg dat die aansoeker indien suksesvol, weer op dieselfde plek as vorige jare geplaas sal word nie. Suksesvolle aansoekers onderneem en bevestig verder dat hulle tevrede sal wees met die ligging soos van tyd tot tyd deur die Absa KKNK aan suksesvolle aansoekers toegestaan word.
- Stalhouers wat voortydig oppak, is nie geregtig op enige terugbetaling nie en sal ook nie weer vir deelname gekeur word nie.
- Rook word nie toegelaat op die feesterrein nie, behalwe in areas wat spesifiek daarvoor ingerig word.
- Geen vorm van vuur (bv. blaasvlam) word in enige tent toegelaat nie.
- Geen oornag sal by enige van die stalle op enige terrein toegelaat word nie.
- Enige stal wat musiek verkoop moet by SAMRO geregistreer wees. Reëlings vir 'n lisensie moet direk met SAMRO getref word. Heg 'n afskrif van die lisensie by jou aansoek aan.

Aanmeld van probleme
Meld enige probleme by die Absa Kunsmark by die Markte kantoor aan. Die kantoor is in direkte radioverbinding met alle ondersteuningsdienste en kan al jou probleme aanspreek. Op alle ander terreine moet jy probleme aanmeld by die toepaslike Terreinbestuurder, wat deurentyd op jou terrein beskikbaar sal wees. Indien jou probleem nie bevredigend hanteer word nie, kan jy die Koördineerder: Markte kontak.

Komplimente en klagtes
Die Absa KKNK waardeer terugvoer en jy is ook welkom om enige komplimente of klagtes deur te gee aan die Koördineerder: Markte. Alle terugvoer word vertroulik hanteer.

Beste Stal-kompetisie
'n Jaarlikse kompetisie word aangebied. Die beoordelingskriteria is oorspronklikheid, netheid en infrastruktuur. Die prys is gratis spasie by volgende jaar se Absa KKNK.

Borgskappe
Navrae oor meer omvangryke pakkette bemarkingsregte kan gerig word aan die Bedryfsbestuurder van die Absa KKNK by: rsnyman@kknk.co.za

.....
Handtekening van aansoeker

EKSTRA ITEMS
Elektrisiteit en vraghouers is bykomend vir jou rekening. Bestellings vir ekstra items moet saam met jou aansoek ingedien word. Die sperdatum om ekstra items te bespreek en of te verander is 1 Feb. 2012. Indien jy enige item kanselleer na hierdie datum sal jy steeds verantwoordelik gehou word vir die koste daarvan.

Elektrisiteit
'n Kragpunt word voorsien aan stalle waar aangedui. Hierdie kragpunt is slegs vir die gebruik van 'n lig, waaier en kaartmasjien. Indien jy enige ander elektriese apparaat (bv. ketel, stoof, ens.) gaan gebruik moet jy dit op die aansoek aandui en jy sal 'n addisionele kragpunt daarvoor benodig. Die Absa KKNK sal vir jou 'n kwotasie gee vir die installering van addisionele elektrisiteit. Dit is jou verantwoordelikheid om akkuraat aan te dui watter elektriese apparate jy gaan gebruik en hoeveel elektrisiteit benodig word. Installering van addisionele elektrisiteit sal bepaal word deur jou goedkeuring van die kwotasie, betaling en beskikbaarheid van elektrisiteit op die toepaslike terrein. Die Absa KKNK sal streng optree teen diegene wat meer apparate gebruik as wat goedgekeur is of wat nie aangedui is op die aansoekvorm nie. Jy moet jou eie verlengingskoorde en elektriese bybehore, wat in goeie werkende toestand is, voorsien. 'n Elektrisiteit deposito van R1000 is betaalbaar. Die gebruik by alle addisionele kragpunte sal gemeet word en sal hiervan verhaal word, voordat die balans aan jou terugbetaal word. Indien jou verbruik die deposito oorskry, sal jy 'n bykomende rekening ontvang. Die gebruik van kragopwekkers sal slegs oorweeg word in areas waar geen kragvoorsiening is nie en indien die versoek skriftelik met die Absa KKNK uitgeklaar is.
LET WEL: Indien jy die oorsaak is dat 'n elektriese kontrakteur uitgeroep moet word, sal jy vir die koste van R250 per uitroep verantwoordelik wees.

Vraghouers
Gebruik van toesluit vraghouer (6 x 2,4 m) het in 2011 R1,800 gekos. 2012 se prys sal later beskikbaar wees en kan met die Absa KKNK kantore bevestig word. Indien jy aansoek doen vir die gebruik van 'n vraghouer, is dit jou verantwoordelik om ons daaraan te herinner met registrasie, sodat ons die plasing daarvan kan reël. Ons sal poog om jou vraghouer so na as moontlik aan jou stal te plaas, maar kan nie waarborg dat dit by jou stal sal wees nie.

Parkering
Ingesluit by jou stalkoste is die gebruik van 'n onbespreekte parkeerplek, soos aangedui onder STALHUUR. Geen parkering word binne die geslote terreine toegelaat nie.

RIVIERBUURT TOEGANG VIR STALHOUERS
Stalletjiehouers binne die Rivierbuurt sal 2 toegangsbandjies ontvang met registrasie. Alle ekstra bandjies wat benodig word sal teen die normale prys aangekoop moet word.

REGISTRASIE
Registrasie proses
Alle stalhouers moet op 29 of 30 Mrt. 2012 tussen 08:00 en 17:00 registreer by die Vredestraat Sportterrein. Na registrasie mag jy opslaan tot 30 Mrt. om 21:00. By registrasie word 2 x Rivierbuurt toegangsbandjies (indien jou stal binne die Rivierbuurt is), 'n afleweringsplakker vir 1 voertuig, 'n parkeerpermit vir 1 voertuig en jou amptelike stalpermit uitgereik. Die stalpermit bevat jou staanpleknommer, 'n lys van die ekstra items jy bestel het en 'n lys van die produkte wat jy mag verkoop en dit moet te alle tye sigbaar in jou stal vertoon word. Indien jy nie registreer in die tydperk soos aangedui nie, verbeur jy jou gelde en stalruimte(s), wat weer deur die Absa KKNK verhuur sal word.

Terme en ondernemings
Alle stalhouers moet 'n regsdokument met die terme en ondernemings tydens registrasie onderteken en inhandig.

BETALINGS
Slegs betalings per direkte bankdeposito word aanvaar. Moet dus nie enige tjeks of kontant by jou aansoek insluit nie. Sluit wel 'n kopie van jou betaalbewys vir jou registrasiefooi in.

Bankbesonderhede
Alle verskuldigde gelde moet direk in die volgende bankrekening gedeponeer word:
Bank: Absa; **Rekeningnaam:** KKNK Markte;
Rekening #: 406-333-5414; **Takkode:** 632-005;
Verwysing: Jou stalnaam, soos op die voorbeeld:

Adminfooi
'n Nie-terugbetaalbare adminfooi van R200 (BTW ingesluit) word per aansoek gehef om die administratiewe koste verbonde aan die verwerking en keuring van aansoeke te dek. **LET WEL:** Geen aansoek sal verwerk word indien die adminfooi nie betaal is voor of op 11 Nov. 2011 nie.

Betaling van stalkoste en ekstra items
Suksesvolle aansoekers moet die verskuldigde bedrag voor of op die sperdatum op **1 Feb. 2012** betaal. Jy sal betyds 'n betalingsadvies van die Absa KKNK ontvang en die verwysingsnommer wat daarop verskyn, moet op die depositostrokie aangebring word. Betaalbewyse moet gefaks word na: 044 272 7773, vir die aandag van die Koördineerder: Markte.

Laat betalings
Alle stalle wat nie voor of op die sperdatum van **1 Feb. 2012** betaal is nie, word verbeur. Betalings wat na die sperdatum ontvang word, sal slegs op skriftelike versoek terugbetaal word en eers 30 dae nadat die versoek ontvang is en na verhaling van 'n adminfooi van 10%, plus BTW.

Kansellasiefooi
Indien jy jou stalhuur en ekstra items betaal het en binne 30 dae voor die aanvang van die fees (**29 Feb. 2012**) kanselleer, word 'n kansellasiefooi van 10% van die totale bedrag plus BTW teruggehou. Indien jy binne 21 dae voor die aanvang van die fees (**9 Mrt. 2012**) kanselleer, word alle gelde verbeur. Versoeke om kansellasie moet skriftelik aan die Koördineerder: Markte voorgelê word, vir 'n beslissing deur Absa KKNK Bestuur.

Inbetalings deur onsuksesvolle aansoekers
Indien jou aansoek afgekeur word, moet jy onder geen omstandighede huurgeld inbetaal nie – so 'n inbetaling verhoog nie jou kanse op 'n stal nie. Terugbetaling sal slegs op skriftelike versoek gedoen word, 30 dae nadat die skriftelike versoek ontvang is en nadat 'n adminfooi van 10% plus BTW van die bedrag verhaal is.

.....
Handtekening van aansoeker

REIS EN VERBLYF
Neem asb. kennis dat geen persoon toegelaat sal word om by enige stal op enige terrein te oornag nie. Die Rivierbuurt en Queenslaan sal 'n sekuriteitsarea word sodra dit ontruim is. Stalhouers buite die Rivierbuurt en Queenslaan sal hulle stalle moet oppak en ontruim. Indien jy nie jou stal wil oppak nie, moet jy van die fees se amptelike sekuriteit gebruik maak. Vir 'n kwotasie en verdere navraag, kontak Rudi du Toit by tel: 044 203 8600 of rdutoit@kknk.co.za **LET WEL:** Hierdie reël sal streng toegepas word. Oortreders sal van die perseel verwyder word. Stalhouers is vir hul eie reis- en verblyfreëlings verantwoordelik. Rig navrae aan: verblyf@kknk.co.za of tel 044 203 8600. Vir jou gerief sluit ons 'n verblyfbesprekingsvorm hierby in. Voltooi en faks dit aan 044 272 7773. Verblyf is 5 dae na bespreking ten volle betaalbaar, maar sal volledig terugbetaal word indien jou ~~stal~~ aansoek onsuksesvol is.

7.25% afslag op verblyfbespreking
Kry 7.25% afslag op jou verblyf indien jy dit deur die Absa KKNK se Verblyfkantoor bespreek. Gebruik jou ID. nr. om hiervoor te kwalifiseer. Afslag kan slegs op een bespreking verdien word, vir 'n groep wat nie groter is as 6 persone nie. Groepe mag nie wissel gedurende die bespreking nie.

FINANSIES EN PERSONEEL
Telkom-lyn
'n Telkom-aansoekvorm, beskikbaar op www.absakknk.co.za, moet voltooi word, of kontak vir Linda Landman by 011 360 6849. Die sperdatum vir aansoeke is 9 Mrt. 2012.

Krediet- en Debietkaartfasiliteite
Indien jy belangstel om 'n krediet- of debietkaartmasjien te bekom, kan jy dit direk by Johan du Bruin van Absa by tel. 082 443 6050 of 044 803 3096 of e-pos johan.dubruin@absa.co.za bestel. Die sperdatum vir bestellings is 29 Feb. 2012. Hou in gedagte dat jy 'n kragprop en Telkom-lyn gaan benodig vir kaartfasiliteite en dat Johan enige navrae wat jy hieroor mag hê kan beantwoord.

Personeel
Die Absa KKNK het 'n personeel databasis wat tot die beskikking van stalhouers gestel word. Hierdie databasis is opgestel uit aansoeke ontvang in die aanloop tot die 2012-fees. **LET WEL:** die Absa KKNK kan jou net help met name en kontakbesonderhede van moontlike personeel. Jy bly self verantwoordelik vir hul aanstelling en betaling, sowel as die nakoming van die bepalings in die Arbeidswet. Die Absa KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid en/of eise wat hieruit mag voortspruit nie. Rig navrae aan Absa KKNK kantore by tel: 044 203 8600 of info@kknk.co.za .

Domicilium citandi
Jy, as aansoeker, kies hiermee as jou domicilium adres die fisiese adres soos aangedui by Vraag 3 op die aansoekvorm. Hierdie adres kan gebruik word vir die betekening van alle prosesstukke en kennisgewings.

KONTROLELYS (VIR JOU EIE GEBRUIK) Maak seker dat al die nodige dokumente soos genoem op bladsy 1 aangeheg is.	
Is jou aansoek volledig voltooi en onderteken?	
Indien jy aansoek doen vir nog aparte stal, het jy aparte aansoekvorms voltooi?	
Het jy jou adminfooi van R200 betaal en is jou bewys van betaling aangeheg?	
Het jy visuele materiaal van jou produkte en stal ingesluit?	
Is alle bewoording (slagspreuke) en ontwerpe wat jy op jou produkte gaan gebruik, aangeheg?	
Het jy 'n bewys van jou adres ingesluit?	
Het jy 'n afskrif van jou ID-dokument ingesluit?	
Het jy enige toepaslike lisensies/permitte ingesluit?	
Het jy 'n afskrif gemaak van die aansoekvorm vir jou eie gebruik?	

ADRES VIR AFLEWERING		NAVRAE
Geen gefaksde aansoekvorms sal oorweeg word nie. Pos of koerier jou aansoekvorm na:		Rig jou navrae gedurende kantoorure aan:
Pos: Absa KKNK Markte Posbus 1341 Oudtshoorn 6620	**Koerier:** Absa KKNK Markte 3de Vloer, Seppie Greeff Gebou, Voortrekkerweg, Oudtshoorn	**Karen Rademan** **Koördineerder: Markte** **Tel: 044 203 8609** **Faks: 044 272 7773** **E-pos: krademan@kknk.co.za**

Terreinplanne is beskikbaar op www.absakknk.co.za

.....
Handtekening van aansoeker

Ma	Di	Wo	Do	Vr	Sa	So
5	6	7	8	9 Sperdatum vir Telkomlyne aansoek	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21 Menseregtedag	22	23 Skole sluit	24	25
26	27	28	29 Markte registrasie 08:00 – 17:00	30 Markte registrasie 08:00 – 17:00	31	1
2	3	4	5	6 Goeie Vrydag	7	8
9 Paas Maandag	10 Skole open	11	12	13	14	15

.....

Handtekening van aansoeker

MARKTE AANSOEKVORM
31 MAART – 7 APRIL 2012
SLUITINGSDATUM: 11 NOV. 2011

Posadres	Fisiese adres	
Posbus 1341 Oudtshoorn 6620	Seppie Greeff Gebou Voortrekkerweg Oudtshoorn	Tel: 044 203 8600 Faks: 044 272 7773 E-pos: info@kknk.co.za www.absakknk.co.za

KONTAKBESONDERHEDE VAN EIENAAR

1. Naam van stal:	
2. Posadres:	
3. Fisiese adres:	

4. Dui aan by watter feeste (Absa KKNK) het jy al uitgestal:

1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011

5. Besonderhede van Kontakpersoon:

(Die kontakpersoon dien as skakel tussen jou stal en die Absa KKNK en moet maklik bereikbaar en in staat wees om besluite te neem. Die Absa KKNK kommunikeer elektronies en daarom sal dit sake bespoedig as die kontakpersoon oor 'n e-posadres of faksnommer beskik.)

Voornaam:		Tel (bedags):	
Van:		Tel (saans):	
ID-nommer:		Selfoon:	
Faks:		E-pos:	

PRODUKBESONDERHEDE

6. Wat is jou hoofproduk wat jy verkoop:	

7. Verskaf 'n volledige lys van al die produkte wat jy beplan om te verkoop en lys die hoofprodukte eerste:
(Bv. Juweliersware, skoene, skilderye, klerasie, leerwerk, ens.)

8. Hoe word jou hoofproduk vervaardig:	Met die hand	In 'n fabriek
9. Wat is die land van oorsprong van jou produk:		

10. Watter visuele materiaal het jy by jou aansoek aangeheg:	CD	Kleurfoto's	Kleurafdrukke

Die visuele materiaal help ons om 'n beter idee van jou produkte te verkry. Jy kan jou visuele materiaal gedurende die fees by die Markte-kantoor afhaal of stuur 'n gefrankeerde koevert saam sodat ons dit aan jou kan terug pos.

By watter ander feeste/markte stal jy nog uit?		
11. Het jy alle bewoording/logos op jou produk(te) aangeheg?	Ja	Nee

.....
Handtekening van aansoeker

KLASSIFIKASIE VAN STAL

12. Watter tipe stal verkies jy?
Merk jou keuse in voorkeur volgorde met 1 – 3.

Tipe Stal	Terrein	Binne Rivierbuurt	Parkering by Mark	Elektriese kragpunt	Grootte	Jou keuse
Tent A - Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent A - Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent B - Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent B - Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent C - Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent C - Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent D – D1 en D112 (buite)	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	5x3	
Tent D – D2 en D38	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	5x3	
Tent D – D7 en D33	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	6x3	
Tent D – Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent D – Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent E – Gewoon E1, 12, 13, 24	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	5x3	
Tent E – Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Tent E – Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Buite Gewoon	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Buite Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	3x3	
Buite Prima	Absa Kunsmark	Ja	Ja	Ja	4x5	
Buite Gewoon P2 - P23	Pick 'n Pay	Nee	Nee	Nee	3x3	
Buite Prima P24 - P26	Pick 'n Pay	Nee	Nee	Nee	4x5	
Buite Prima Steers hoek P1	Pick 'n Pay	Nee	Nee	Nee	4x5	
Buite Prima O1	Oosoewer	Nee	Nee	Nee	4x5	
Buite Prima R1-R7	Baron v Reedestraat	Nee	Nee	Nee	3x5	
Buite Gewoon Q1 - Q36	Queenslaan	Nee	Nee	Ja	3x3	
Binne Gewoon	Karwas (Pick 'n Pay area)	Nee	Nee	Ja	Sien plan op webblad	
Buite Gewoon (Y7-Y15)	De Jager Sportkompleks	Ja	Ja	Ja	3x3	

.....
Handtekening van aansoeker

13. Benodig jy ekstra ruimte by jou stal?	Ja	Nee	Hoeveel ekstra meter?	
14. Doen jy aansoek om 'n aaneenlopende dubbelstal @ 'n premie van R500?			Ja	Nee
15. Gaan jy persoonlik jou stal beman tydens die Absa KKNK 2012?			Ja	Nee

Indien Nee, verskaf asb. die volgende besonderhede van die persoon wat jou stal gaan beman:

Naam	
Van:	
Selfoon nommer:	

ADDISIONELE DIENSTE BENODIG

16. Onthou stalle waar aangedui het alreeds 'n kragpunt. Hierdie kragpunt is slegs vir die gebruik van 'n lig, waaier en kaartmasjien. Indien jy enige addisionele elektriese apparate gaan gebruik, sal jy addisionele elektrisiteit benodig, wat vir jou rekening geïnstalleer sal word. Dui asb. hier aan watter addisionele apparate jy gaan gebruik, bv. ketel.

17. Vraghouers se koste is addisioneel by jou stalletjie koste en kan met die Absa KKNK kantore bevestig word. Hoeveel vraghouers wil jy gebruik?

HANDELSRUIMTES BUITE ABSA KKNK GESAG

18. Benut jy enige handelsruimte wat jy van 'n ander party as die Absa KKNK bekom het?	Ja	Nee
Indien Ja, verskaf asb. besonderhede oor aantal en ligging:		

ABSA KKNK WEBBLAD

19. Moet ons jou stal op ons webblad (www.absakknk.co.za) lys teen geen ekstra koste?	Ja	Nee
Naam van stal soos dit moet verskyn op webblad:		
Jou web adres: (Skryf asb. duidelik leesbaar)		
Indien jy nie 'n webblad het nie, kontaknommer:		

ONDERNEMING

Alle aansoekers moet die aansoekvorm onderteken. Vorms wat nie onderteken is nie, kan nie vir keuring oorweeg word nie.

Ek verklaar dat alle inligting soos hierbo verstrek, juis en korrek is. Ek onderneem om alle vereiste sertifikate, betalingsbewyse vir die adminfooi, afdruk van my ID, bewys van adres en foto's/kleurafdrukke/CD saam met my ondertekende aansoek in te dien. Indien my aansoek suksesvol is, onderneem ek ook om my stalhuur en die koste van addisionele dienste teen 5 Feb. 2012 te betaal en die bewys daarvan aan die Koördineerder: Markte by 044 272 7773 te faks.

Deur die ondertekening hiervan bevestig ek dat ek behoorlik gemagtig en gevolmag is om die aansoekvorm te teken. Ek, die onder-getekende, verbind myself as borg en medehoofskuldenaar ten opsigte van die nakoming van die verpligtinge hierin. Ek stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof Oudtshoorn vir enige regsgeding wat hieruit mag voortspruit.

HANDTEKENING	NAAM EN VAN IN DRUKSKRIF	DATUM

.....
Handtekening van aansoeker

VERBLYFBESPREKINGSVORM					
Naam en Van:					
Naam van stal:					
Posadres:					
Tel: Bedags					
Tel: Saans					
Selfoon nr:					
Faks nr:					
E-pos:					
Id nr:					
Datum van aankoms:					
Datum van vertrek:					
Aantal nagte:					
Aantal persone:	Pare:		Enkel:		Totaal:
Tipe Verblyf verlang:	Koshuis	Kampeer	Gastehuis	Privaat huis	Kamer in huis
Keuse 1					
Keuse 2					

Faks aan: Elmarie Goosen
Faks nr: 044 272 7773

Navrae: Elmarie Goosen
Verblyf Koördineerder

Tel nr: 044 203 8631
E-pos: egoosen@kknk.co.za

.....
Handtekening van aansoeker